# Suidwes-Kaap

## ‘n Naweek in Beeld:

### Skimkamp en 40ste Verjaarsdag: ‘n Bielie van ‘n Naweek. 19 — 21 Februarie 2010



Zandvlei, alias Bottoefontein. Hierdie bestemming was een van die dig bewaarde geheime van die Skimkamp.




Rozél Goslett en Janine Theron wag die eerste woonwaens in vir die inskrywings vir die naweek.




Die leidrade is teen 12:00 uitgegee en teen 13:20 arriveer die eerste woonwa vir die naweek—Fanie en Alet Strydom, kort gevolg deur nog 14 woonwaens.



Ons het vermoed hierdie gaan ‘n groot saamtrek wees. Behalwe vir ‘n paar manne wat groot draaie gery het, was daar uiteindelik 89 woonwaens by die kamp.



Na Boekevat deur Oom Barend Hagen en die verwelkoming deur Johan Oosthuizen het die pret begin. Hier is een van die gelukkige trekkings van Petrus Theron deur Joanine Oosthuizen. Die nuwe kateder, gemaak deur Oom Dave Griessel, is ook in gebruik geneem.



Die kinders aan die stokbrood maak by Gert en Therina Vermeulen en Koos en Hendriena Oosthuizen. Hier is Jana Galvin, Larissa vd Westhuizen, Hendriena en Joanine Oosthuizen en Ninon Galvin.

## Saterdag



Saterdagoggend 5:30, en die produksielyn vir die oggendkoffie is aan die gang. Hier brou die eerste potte koffie van Karin Augustyn en al haar helpers. Hier is Rozél Goslett aan die werskaf.

## Oggendkoffie?

Is jy 'n oggendmens? Lucas en Tanya Parsons met die Maui Motorwa was duidelik nie voorbereid vir die lekker bederf nie. Hier is Pieter Henning (jr) en Janine Theron besig om elke woonwa se koffie en koekies uit te deel.



Foto's deur Niël Goslett tensy anders vermeld.




Saam met die inbetaling was daar ook die Loeries wat 'n teetuin aangelê het.

# Loeriebederf

Tannie Tienie Havenga met van die bekertjies wat die Loeries vir R5 verkoop het. Daarmee saam het jy 'n lekker botterbroodjie, konfyt en kaas gekry.






Die inbetaling tafel word sterk beman vir die groot groep. Marieta Gerber besig met die ete se tafel indeling, Paul Steyn met die broodbakkompetisie inskrywing, Herman Gerber, Janine Theron en Pieter Henning met die inbetalings. Alles seep-glad.



Annette Mitchell help vir Tannie Tienie Havenga met die botterbroodjies terwyl Nelius Louw toekyk.

'n Lekker familie-kuier. Mia en Nelius Louw met hul kinders kuier in die Loerie teetuin saam met Tommie en Yolanda Bestbier





'n Paar van die Loeries was byderhand om hul spoggerige klere vir die oggend te vertoon—Baie mooi.



Die kinders is reeds van vroeg vermaak. Hier is Spook Els se kleinkind—Alex Hall op die waterglybaan.

## Gesamentlike ontbyt



Kort na 10 en elke woonwa kry sy koerant met komplimente van Die Skim. Hier lees Johnny Louw sy koerant.



Gert Vermeulen besig met die ontbyt langs die veld waar die Boeresport gaan plaasvind. Die mense het 'n lekker gesamentlike ontbyt gemaak wat die deelname van die naweek verhoog het.



Van Streek Albatros se lede besig met hul ontbyt so saam met die lees van die koerant. Johannes en Esmé Knipe saam met Cor en Hermien Stofberg.

Petrus Theron besig met die reëlings vir die boeresport. 'n Hele paar spanne het ingeskryf vir die lekker saamspeel.

# Boeresports





Die span wat eerste hul Suduko klaargemaak het, kon met die speletjies begin. Hierdie uitbundige klomp kon eerste na die volgende punt gaan.



Paul Steyn probeer nog sy paaseier afsluk terwyl hy kyk hoe Ruan Louw nog by sy paaseier probeer uitkom.



Lucas Parsons probeer met die "horing-hoed" die waterballonne breek. Hierdie is moeiliker as wat dit lyk.

Kruiwastoot geblinddoek, met die passasier ook geblinddoek met 'n groot bak water op haar skoot. Slegs geluide kon gebruik word, maar geen geluide uit jou mond. Hier lei Christhea Schillig en haar lede met vingerklappe.





Die hoefyster-gooi is altyd 'n wenner. Hier probeer Anzel Parsons die stokkie raakgooi. Foto: Peter Hardcastle



'n Span van Helderberg met hul piramide wat met spaghetti stokkies, 'n drop en twee paaseiers gebou moes word—dit alles om 'n eier te balanseer.

Louis Havenga en Freddie Truter het die kinders laat kraai van die lag met hul manewales. Foto: Peter Hardcastle





Jurie Dreyer, ons Nasionale Voorsitter met die berugte laaste deel van die hamergooi—moeilik né...




Fanie Jordaan, ons voog, met sy eerste deel van die hamergooi terwyl Jurie Dreyer toekyk.



André Schillig verduidelik die reëls van die kinderplesier speletjies aan die deelnemers. Daar was ~70 kinders by die kamp wat geesdriftig deelgeneem het. Hieronder sit die drie spanne wat deelgeneem het.












Twee van die spanne ding mee met die boontjiesakkies wat hulle met hul voete moet aangee voordat die laaste een hasiespring na voor. Net hierna is die kinders verder bederf met 'n "Amazing Race" - aangebied deur Heidie Rowe.



## 40ste Verjaarsdagete



Die tafels was elkeen gekoppel aan 'n kampplek. Hier is die Waterval tafel.





Suidwes-Kaap se geskiedenis is in die voorportaal uitgebeeld in verskeie vorme—foto's, ou kleredrag, vlae en toekennings..

Judy Hendra ontvang vir Riana en André Potgieter van Streek Albatros. Elke paartjie het 'n sout-en-peper potjie gekry as 'n aandenking.





Diep in die delf in die geskiedenis—Suretta en Bennie Pienaar en agter Fanie en Alet Strydom.



Johan Oosthuizen verwelkom al die gaste by die verjaarsdagete.

Al die brode van die kompetisie is as voorgereg gebruik—baie lekker..






Fred en Corrie Schmiedeskamp, Voorsitterspaar van Gebied Goeie Hoop.



Van die Loeries besig met die voorgereg. Tannie Tienie en Oom Hans Havenga, Tannie Hanna en Oom Bobby Goslett, Oom Frans en Tannie Bettie Reinke en Tannie Neel en oom Sparus Nigrini.



Peter Hardcastle het die 40ste kerse seremonie waargeneem.



Oom Barend Hagen, ons langste lid, steek die eerste kers aan.



Jurie en Kittie Dreyer steek 'n kers aan namens SAWA.

Al die kerse aangesteek—'n regte knop-in-die-keel oomblik.





Tanya Parsons het namens Maui Motorhomes die broodbeoordeling gedoen en die pryse toegeken.



Paul Steyn het die veiling hanteer. Knap gedaan Paul. Dit het ~R2400 ingesamel.



'n Laat inskrywing vir die aand—die Grafsteensangers met hul sangitem—Die trein na Pretoria. Dit het die gehoor stil gehad... Louise Mitchell, Christa Schillig, Ohna Oosthuizen, Ilona Bruwer, Elsabé Havenga en Janine Theron.

# Sondag



Die kerkdiens waargeneem deur Ds Kobus de Lange.



Die verjaarsdagkoek en kolwyntjies.



Die tee en koek was baie goed ondersteun deur die lede.



Heidi Rowe deel die pryse uit vir die kinders van die “Amazing Race”.



Ai Ma, die naweek is uitputtend—Zach Lategan gebruik die stil tydjie om verlore slaap in te haal.

# Toekennings



Johan en Adri Havenga—110 streek.



Engela en John McDonald—180 streek.



Louise en Dennis Mitchell—220 streek.



Johan en Ohna Oosthuizen—150 streek.



Tannie Judith en Oom Barend Hagen—230 streek.



Kampleiers: Janine en Petrus Theron en Rozél en Niël Goslett.

“Swartplaatjies”: Gert Vermeulen, Jan Meyer, Danie van Wyk, André Schillig en Johannes Knipe. Almal van hulle het ‘n nuwe roete gery na Bottoefontein. Johannes het selfs die hoofkantoor gaste op ‘n dwaalspoor gelei...



## Die Skim onthul...







Die laaste aktiwiteit was om Die Skim te onthul. Hierdie persoon het die mense opgewonde gehad toe die blou gewaad sigbaar word. Aan die einde van die dag was dit toe... Karin Augustyn. Wel gedaan Karin!